

## HOOFSTUK 6

### 'N SCENARIO VIR DIE TOEKOMSTIGE FUNKSIONERING VAN ONDERWYSKOLLEGES IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL

#### 6.1 INLEIDING

Daar word beoog om in hierdie hoofstuk moontlike scenario's aangaande die doeltreffende funksionering van onderwyskolleges in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysbedeling te skets. Voorstelle in verband met die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel sal gemaak word. Dit sal aan die hand van die strategiese beplanningsraamwerk, soos dit in hoofstuk twee uiteengesit is, gedoen word. Elemente van die raamwerk wat vir die doeleindes van hierdie studie van belang geag word, sal telkens toegelig word.

#### 6.2 SCENARIOSKEPPING

Die term scenario word dikwels verkeerdelik gesien as 'n poging om die toekoms te voorspel of selfs vas te stel. Kalyan (1993:3) is van mening dat scenarioskepping impliseer dat die toekoms juis nie nou reeds duidelik omskryf kan word nie, maar dat vorm daaraan gegee kan word deur die besluite en tydige handeling van individue, organisasies en instellings. Daar is egter geen standaard-prosedure om 'n scenario te ontwikkel nie (*Ibid.*). Die scenario wat hiermee aangebied sal word, is gebaseer op 'n studie van die stand van onderwysersopleiding in vyf ander lande (vergeelyk hoofstuk drie), sowel as dié in Suid-Afrika. (Vergeelyk hoofstuk vier.) Die menings wat van Suid-Afrikaanse kundiges in verband met onderwysersopleiding ingewin is, is ook in ag geneem. Laasgenoemde meningsopname het die vorm van 'n empiriese ondersoek, statistiese verwerking van die data, ontleding en interpretasie daarvan, aangeneem. (Vergeelyk hoofstuk vyf.)


Verder is die konteks waarin die scenario in hierdie hoofstuk gestel word dié van die strategiese beplanningsraamwerk wat in hoofstuk twee uiteengesit is. Strategiese beplanning het betrekking op die implementering van effektiewe strukture en strategieë om te verseker dat die organisasie aan die vooropgestelde missie voldoen, en dat verwagte doelstellings en doelwitte bereik word (Steyn, 1993b:2). Die elemente wat volledig in hoofstuk twee gedefinieer is en nou as riglyne vir die strategiese beplanningsproses gebruik word, is die volgende:

- +           Beplanningsanaliseringsfase
  - \* Visie vir onderwyskolleges;
  - \* teikengroep;
  - \* determinante, en
  - \* SWOT-analise.
  
- +           Beplanningsoperasionaliseringsfase
  - \* Missie;
  - \* doelstellings;
  - \* doelwitte;
  - \* onderwyskundige struktuur, en
  - \* ondersteuningsdienste.
  
- +           Beplanningsimplementeringsfase
  - \* Onderwysstelseladministrasie, en
  - \* beleidsformulering.

Die strategiese beplanningsproses vertoon dus drie duidelike fases en word in figuur 6.1 visueel voorgestel.

**FIGUUR 6.1**

**Faseologiese verloop van die strategiese beplanningsproses**



## **6.3 BEPLANNINGSANALISERINGSFASE**

### **6.3.1 Die visie vir 'n onderwyskollege**

By die vasstelling van die verskillende lande se doelstellings met onderwysersopleiding (vergelyk hoofstuk 3) en die visie wat daardeur gestalte moes kry, het dit geblyk dat sodanige visie nie altyd eksplisiet in literatuur te vinde is nie. Insgelyks kan gestel word dat met die formulering van onderwysstelselbeleid (soos in hoofstuk 4 bespreek) die visie 'n deurslaggewende rol speel of dat dit duidelik waar te neem is. Toe die twee Mammoet-onderwyswette byvoorbeeld in 1957 en 1986 op die Nederlandse wetboeke geplaas is, was die uiteindelijke doel daarmee om binne die raamwerk van gelyke gehalte onderwys, differensiasiegeleenthede vir Nederlandse kinders te verseker. (Vergelyk paragraaf 3.4.1.) Dit kan as 'n visie beskou word wat aanleiding gegee het tot die onderwysdoelstelling dat elke leerling se persoonlikheid optimaal ontwikkel moet word, en dat kinders as toekomstige Nederlandse staatsburgers maatskaplik en kultureel gevorm moet word en vir beroepe voorberei moet word. (Vergelyk paragrawe 3.4.1.1 en 3.4.1.2.)

Realisering van die doel van onderwysersopleiding aan 'n onderwyskollege soos in die geval van die voorafgaande voorbeeld, is afhanklik van die daarstelling van 'n breë maar werkbare visie as rigtinggewende bloudruk.

Uit die beplanningsteorie (vergelyk hoofstuk 2) blyk dit dat die visie na die volgende aspekte moet verwys, naamlik 'n waardestelsel en die gehalte van die produk wat gelewer moet word. Uit die onderwysersopleidingspraktyk in die buitelandse onderwysstelsels (vergelyk hoofstuk 3) sowel as uit die historiese ontwikkeling van onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 3.2) en die huidige praktyk in Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 4.4) kan afgelei word dat die onderwyskollege deur die voorsiening van uitnemende onderwysersopleiding gekwalifiseer word. Tweedens is dit duidelik dat die waardestelsel van 'n onderwyskollege deur die plaaslike situasie, byvoorbeeld die

onderwysstelselbeleid (vergelyk paragrawe 4.2.1 en 4.4.1), bepaal word. Die Suid-Afrikaanse onderwyskolleges kan dus klaarblyklik nie aan 'n waardestelsel gekoppel word nie. Die standpunt dat onderwyskolleges primêr fokus op onderwysersopleiding en gekoppel behoort te wees aan 'n bepaalde waardestelsel word ondersteun deur die bevindings van die respondente op die vraelys. (Vergelyk response op vraag 2.1.) Die volgende visie kan dus vir Suid-Afrikaanse onderwyskolleges gestel word:

Die Suid-Afrikaanse onderwyskollege is 'n tersiêre onderwysinstansie wat op 'n bepaalde waardestelsel en deur uitnemende onderwysaksies gegrond is; 'n onmisbare bydrae lewer tot 'n verantwoordelike samelewing, waarin elke landsburger sy skeppingsdoel insien en uiteleef.

Die waardestelsel van 'n onderwyskollege, soos verwoord of blyk uit die visie behoort plaaslik bepaal te word, en sal daarom wissel van instansie tot instansie.

### **6.3.2 Teikengroep van onderwyskolleges**

Ten opsigte van die teikengroep is op grond van die buitelandse voorbeeld (vergelyk hoofstuk 3) en die Suid-Afrikaanse situasie (vergelyk paragraaf 4.4) op drie kwalifiserende aspekte in die empiriese ondersoek gefokus (vergelyk hoofstuk 5 - vraag 9), naamlik kultuur, geografiese verspreiding en geslag.

Aanbevelings is dus gegrond op uitkomst van die empiriese ondersoek waartydens van 'n gestruktureerde vraelys gebruik gemaak is (vergelyk hoofstuk 5), in ooreenstemming met die vergelykende studie van vyf buitelandse stelsels vir onderwysersopleiding (vergelyk hoofstuk 3) en in die lig van die bestaande praktyk. (Vergelyk hoofstuk 4.)

#### **6.3.2.1 Kultuur**

Telkens wanneer die kulturele samestelling van die teikengroep ter sprake was, het baie sterk voorspraak vir multikulturalisme na vore gekom. (Vergelyk paragraaf 3.8.1, 3.9 en 5.3 met interpretering van die response

op vrae 4.4, 7.2, 9.4, 10.6, 12.2, 13.1, 13.5, 15.2 en 18.2 van die vraelys, sowel as paragraaf 6.4.4 verderaan.) Sosiale mobiliteit, aanvaarding en gelykberegting van die individu in multikulturele samelewings geniet in onderwysstelsels van ander lande veel aandag. (Vergelyk paragraaf 3.9.) In dié verband kan na die Nederlandse onderwysdoelstellings verwys word, waar uiteenlopendheid van kulture wat by leerlinge as toekomstige staatsburgers mag voorkom, aandag ontvang en ook in die opleiding van onderwysers beklemtoon word. Dit word bewys in uitdrukkings soos "kulturele innobering en transkulturering" (vergelyk paragraaf 3.4.1) en in die geval van Engeland, "interafhanklikheid van volkere en regstellende aksies teenoor agtergeblewenes". (Vergelyk paragraaf 3.5.1.) Om dus 'n enkele aanbeveling ten aansien van die kultuur van onderwyskollege-teikengroepe in Suid-Afrika te maak, lewer probleme, aangesien verskeie ander faktore, soos taal (wat in 'n integrale deel van kultuur is) ook hierin 'n rol speel.

In Suid-Afrika is in die verlede ten opsigte van kultuurverskille gedifferensieer, maar daar is dikwels 'n verbondenheid tussen kultuur en bevolkingsgroep aanvaar. (Vergelyk paragrawe 4.3 en 4.4.) Binne die huidige sosio-politieke opset in Suid-Afrika is dit nie meer algemeen aanvaarbaar dat differensiasie bevolkingsgroep- of rasbepaald is nie. (Vergelyk paragraaf 4.5.1.) Die standpunt word bevestig deur die reaksie van respondente in die empiriese ondersoek (vergelyk paragraaf 5.3 - vrae 4.4; 9.3; 9.4; 10.5; 10.6 en veral vrae 11.4; 12.3 en 13.1). Om dus eendersyds aan die algemeen aanvaarde beginsel van kultuurdifferensiasie te voldoen, sonder om raskwalifikasie te implementeer, en steeds rekening te hou met die gevestigde bestaan van kultuurgebonde onderwyskolleges, kan dit oorweeg word om die kultuurgroep op grond van kultuurdominansie te definieer. 'n Onderwyskollege bedien dus hoofsaaklik 'n bepaalde kultuurgroep, sonder 'n rasbepaaldheid en sonder om noodwendig ander kultuurgroepe uit te sluit. Die teikengroep kan dus 'n multikulturele samestelling vertoon, maar met 'n sekere kultuurgroep in die meerderheid, met die taal van dié besondere groep as die voertaal (onderrigmedium) en die primêre verrekening van dié groep se kultuurbehoefte. Die positiewe aspek daarvan is dat erkenning ook aan minderheidsgroepkulture in onderwysersopleiding verleen word.

'n Ander opsie is om bloot die voertaal van 'n bepaalde onderwyskollege vas te stel en verder geen beperking op die toevloei van studente te plaas nie. 'n Nadelige uitwerking daarvan sal wees dat soveel kulture verteenwoordig kan word dat 'n gemeenskaplike etos beswaarlik gevorm sal kan word. Die positiewe is egter dat die moeilike keuring ten opsigte van kultuurgebondenheid verniy word.

### **6.3.2.2 Geografiese verspeiding van teikengroep**

Die toekomstige Suid-Afrikaanse staatsbestel sal waarskynlik 'n sterk federale karakter hê (Joubert, 1993; vergelyk ook paragraaf 6.4.2 verderaan), en onderwysdepartemente sal waarskynlik op 'n streekgrondslag bedryf word (Anon., 1993a:4; RSA, 1992a:24; Theron, 1993:8). In die lig daarvan en in ooreenstemming met die menings van respondente dat onderwyskolleges 'n multikulturele samestelling behoort te hê (vergelyk paragraaf 5.3 en 6.3.2.1), word voorgestel dat studente vir bepaalde onderwyskolleges nie beperk word tot die onmiddellike geografiese omgewing van daardie onderwyskollege nie. Studente behoort dus uit enige kultuurgroep vanaor die hele land tot studie aan 'n onderwyskollege met behoud van die gestelde beginsel van kultuurdominansie toegelaat te word.

Ander onderwys- en opleidingsbehoefes van die teikengroep wat van logistieke en ekonomiese aard is (byvoorbeeld ligging van die onderwyskollege, moontlikhede van vervoer na en vanaf die onderwyskollege en studiekoste van kursusse) is ook medebepalers ten opsigte van die plek van studie by voornemende onderwyskandidate. Dié bepalers kan weer veroorsaak dat geen kultuurdominansie geplaas word nie en dat alle studente uit die onmiddellike omgewing toegelaat word, met inagneming van die positiewe en negatiewe implikasies soos in paragraaf 6.3.2.1 aangetoon is.

### **6.3.2.3 Geslag**

Volgens inligting wat van 'n Japannese onderwysvereniging verkry is (Japan E.A., 1993:182), bestaan daar in Japan instansies wat homogeen

ten opsigte van geslag is, 'n sogenaamde *Womens' University*. Sodanige opsie, naamlik om voorsiening te maak vir studente wat sou verkies om aan 'n onderwyskollege slegs vir een geslag te studeer, word hier te lande beslis verwerp. (Vergelyk die ontleding van response op vraag 16 in paragraaf 5.3.) Dit is ook begryplik dat alle bestaande onderwyskolleges in Suid-Afrika heterogeen ten opsigte van geslag is. (Vergelyk paragraaf 4.4.3.5.) Afgesien daarvan dat afsonderlike onderwyskolleges vir mans en dames 'n verdere koste-implikasie sal hê, bestaan die moontlikheid dat sodanige afsonderlike instansies onder verdenking kan staan sover dit diskriminasie op grond van geslag betref. Die Handves vir Menseregte wat gedurende 1993 na veelparty-onderhandelinge aanvaar is, bepaal uitdruklik dat geen diskriminasie in onderwysvoorsiening op grond van onder andere geslag mag plaasvind nie (Ries, 1993:2). Daarom word aanbeveel dat die teikengroep aan onderwyskolleges heterogeen ten opsigte van geslag behoort te wees.

#### **6.3.2.4 Opleidingsbehoefte**

Die teikengroep vir onderwyskolleges toon, na aanleiding van die empiriese ondersoek (vergelyk paragraaf 5.3 - spesifiek die responsanalise by vrae 3, 4, 10, 12 en veral 17 en 18 ), wyd uiteenlopende opleidingsbehoefte.

'n Duidelike behoefte het aan die lig gekom om ook onderwysers vir sekondêre onderwys op te lei, en nie soos dit in die opleidingsbeleid van die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad gegeld het, naamlik dat slegs (hoofsaaklik) vir primêre onderwys opgelei word nie. (Vergelyk paragraaf 5.3 - vraag 17.) Opleidingsprogramme met die oog op sekondêre onderwys aan buitelandse onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 3.9.4) is op universiteitstandaard. Dit is in ooreenstemming met aanbevelings van die Gericke-kommissie uit die jare sestig (vergelyk paragraaf 4.3.3 en 4.4.1), naamlik dat onderwysers vir sekondêre onderwys aan universiteite opgelei moet word. Die moontlikheid om die nagraadse onderwysersopleiding van sekondêre onderwysstudente (die sogenaamde professionele opleidingsgedeelte) by onderwyskolleges aan te bied, sal by die onderwyskundige struktuur (vergelyk paragraaf 6.4.4.) bespreek word.

Opleiding in buitemuurse aktiwiteite wat by skole aangebied word, het ook as 'n opleidingsbehoefte na vore gekom. (Vergelyk paragraaf 5.3.10 - vraag 10.)

Benewens voltydse kontakonderrig van onderwysstudente aan onderwyskolleges bestaan daar, soos blyk uit response op vrae 4 en 12 van die empiriese ondersoek, ook 'n behoefte aan die instelling van meer deeltydse en/of afstandsonderrigkursusse, hetsy indiens- of verdere opleiding, by meer onderwyskolleges. Vele onderwyskolleges bied reeds sodanige kursusse aan (vergeelyk paragrawe 4.4.3 en 5.4), maar uitbreiding om nog meer ander nauurse opleiding aan praktiserende onderwysers aan te bied, is by onderwyskolleges moontlik.

'n Verdere opleidingsbehoefte wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het (vergeelyk paragraaf 5.3 - vrae 3, 4, 12 en 18), is die aanbieding van nieformele onderwysaksies aan inwoners uit die gemeenskap. Verhoging van die geletterdheidspeil in die besondere gemeenskap is onder andere daardeur moontlik, byvoorbeeld die aanbieding van basiese primêre onderwys aan ongeletterde volwassenes, 'n program wat reeds by sommige onderwyskolleges geïmplementeer word. (Vergelyk paragraaf 5.4) Sulke gemeenskapsdiensaksies word juis deur die gemeenskapskollege-idee in die vooruitsig gestel, is reeds onder demografie as determinant vir die toekomstige ontwikkeling van onderwyskolleges bespreek (vergeelyk paragraaf 4.5.4) en word ook verder in aanbevelings by demografie as determinant (vergeelyk paragraaf 6.3.3.1) uiteengesit. By sommige buitelandse onderwyskolleges word ook gemeenskapsdiens-aksies aangetref. (Vergelyk paragraaf 3.5.5.)

#### **6.3.2.5 Samevatting - teikengroep van onderwyskolleges**

Op grond van die voorafgaande beredenering blyk die volgende moontlike scenario's of opsies aangaande die teikengroep vir studente aan onderwyskolleges in Suid-Afrika:

- \* Die teikengroep moet kenmerkend wees van 'n kultuurdominante groepering met studente afkomstig vanoor die hele land.

- \* Die teikengroep moet bloot uit die onmiddellike omgewing van die onderwyskollege gewerf word met een besondere taal as onderrigmedium.
- \* Die teikengroep moet ongetwyfeld geslagtelik heterogeen wees.
- \* Opleidingsbehoefte wat by die teikengroep aangespreek moet word is die volgende:
  - alle preprimêre en primêre onderwysersopleiding, sowel as die onderwysgedeelte van alle sekondêre onderwysersopleiding;
  - indiens- en verdere opleiding van onderwysers;
  - nieformele onderwysprogramme aan inwoners uit die gemeenskap.

### **6.3.3 Determinante**

Soos reeds in paragraaf 2.4.3 aangedui, verwys determinante na daardie faktore wat 'n rigtinggewende invloed op die funksionering van die instansie, in hierdie geval die onderwyskollege, uitoefen. Dié eksterne determinante waarvan die verduideliking in paragraaf 2.4.1.4 gegee is, sal verder binne die konteks van Suid-Afrikaanse onderwyskolleges bespreek word.

#### **6.3.3.1 Eksterne determinante**

Eksterne determinante is die faktore buite die onderwyskollege wat 'n rigtinggewende invloed daarop uitoefen.

#### **\* Ekonomie as determinant**

Die oplossing van finansieringsprobleme in die onderwys oor die algemeen, maar onderwyskolleges in die besonder, lewer om demografiese (vergelyk paragraaf 1.2 en 4.5.2.) en politieke redes (vergelyk paragraaf 4.4.1 en 4.5.3) heelwat probleme. Die onderwysfinansieringsproblematiek blyk ook uit die uiteenlopendheid van response wat met die empiriese ondersoek verkry is. (Vergelyk vraag 8 in

paragraaf 5.3.) Dat onderwyskolleges soos in die geval van universiteite en teknikons die grootste gedeelte van die fondse vir hul voortbestaan (insluitende personeel-salarisse) self moet voorsien, blyk nie uitvoerbaar te wees nie. (Vergelyk paragraaf 4.5.) Hofmyer & Buckland (1992:34) is ook die mening toegedaan dat die toestand van die landse ekonomie, een van die sleutelonsekerhede is wat onderwysvoorsiening tans beïnvloed.

Die scenario ten opsigte van die ekonomie as determinant van onderwyskolleges sal daarmee moet rekening hou dat:

- heelwat onderwyskundiges van mening is dat onderwysersopleiding volledig die staat se verantwoordelikheid is (vergeelyk die response van dekane van opvoedkunde by vraag 8.1 - tabel 5.8.1), aangesien die daarstelling van 'n geletterde burgersery daarvan afhang (Van Loggerenberg, 1993:11);
- baie van die onderwyskolleges in Suid-Afrika verafgeleë is en plattelandse gemeenskappe bedien. (Vergelyk paragraaf 4.4.3.1.)

Die waarskynlikheid is nie goed dat studente aan sodanige onderwyskolleges 'n aansienlike bedrag aan studiegeld sal kan betaal nie aangesien hierdie bedieningsgebied gewoonlik armer gemeenskappe bevat as die stedelike gebiede.

In die lig van die voorafgaande word die volgende aanbevelings gemaak:

- + Die staat beskik nie oor genoegsame fondse om aan elke onderwysstudent 'n volledige (nie-terugbetaalbare) beurs toe te ken nie. (Vergelyk paragraaf 4.5.1 en 4.5.2.) Die instelling van 'n leningskema wat die toekenning van beurse vervang, word dus aanbeveel. Leerkragte betaal hul studiegeld oor 'n bepaalde termyn fisies terug, en delg studieskuld nie bloot deur diens nie, sodat die geld wat aan onderwysersopleiding gespandeer is, na drie tot vyf jaar weer beskikbaar raak.

- + Ten einde in spesifieke behoeftes te voorsien, hoef die lening nie noodwendig 'n uniforme bedrag te wees nie, maar kan varieer na gelang van vraag en aanbod. Vir die rekrutering van studente in die sogenaamde skaars vakke (NEPI, 1992a:240) kan dus groter lenings beskikbaar gestel word, en aan dié waar 'n ooraanbod bestaan, kleiner bedrae.
- + Daarbenewens kan ook groter lenings aan toppresterende studente aangebied word - 'n poging om onderwyskandidate van bogemiddelde gehalte te rekruteer.
- + 'n Afsonderlike rekening/fonds moet vir die uitbetaling van lenings aan onderwyskandidate beskikbaar wees, ten einde te verhoed dat daar nie voldoende fondse beskikbaar is om 'n bepaalde aantal onderwyskandidate in 'n spesifieke jaar op te lei nie. Sodanige rekening moet dus nie ook gebruik word vir enige ander uitgawes soos onder andere instandhouding of oprigting van fisiese fasiliteite nie.
- + Rekruteringsyfers kan steeds deur die kwotastelsel, soos tans op onderwyskolleges onder beheer van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad van toepassing is, beperk word. Die kwota word dan op grond van demografiese faktore op 'n opvoedkundig verantwoordbare wyse vasgestel.

**\* Politiek as determinant**

Vanweë die onlosmaaklike verbintenis tussen die onderwysstelsel en die grondwetlike bedeling (vergelyk paragraaf 4.5.3), word aanvaar dat daar in die onderwysstelsel ook 'n balans gevind sal word tussen sentralisasie en desentralisasie.

In Suid-Afrika is na onderhandelinge, 'n nuwe staatkundige bedeling gevestig. Hoewel detail (en algehele eenstemmigheid) oor die funksionering van die model nog nie bekend gemaak is nie, lyk dit

waarskynlik dat die eindproduk op 'n balans tussen regionalisme en sentrale beheer gegrond sal wees. (RSA, 1992a:18; vergelyk ook paragraaf 4.5.3.)

In die lig daarvan word die volgende scenario vir die plek en taak van onderwyskolleges in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel hiermee voorgestel:

- + Een oorkoepelende nasionale onderwysdepartement met die funksies om verantwoordelikheid te neem vir breë formulering van die nasionale onderwysbeleid met betrekking tot die volgende sake:
  - Formulering van nasionale onderwysbeleid;
  - professionele registrasie van onderwysers;
  - sertifisering;
  - standaardisering van leerplanne en eksamens, en
  - subsidiëring en finansiering van streeks (federale) onderwysdepartemente.
  
- + Streeks- of federale onderwysdepartemente is verantwoordelik om nasionale onderwysbeleid by behoeftes en strewes van die plaaslike bevolking aan te pas.
  
- + Elke streeksonderwysdepartement moet oor 'n direktoraat/subdirektoraat vir onderwysersopleiding beskik waar uitvoering van die breë onderwysersopleidingsbeleid, soos deur bogenoemde nasionale onderwysdepartement neergelê, gadministreer en bestuur word.
  
- + Alle onderwyskolleges binne een bepaalde streek/provinsie, gaan 'n samewerkingsooreenkoms aan en stig 'n sogenaamde kollegium. Só 'n opsie vir 'n *Collegium* (NEPI, 1992a:242) maak daarvoor voorsiening dat daar in onderhandelinge met die nasionale onderwysliggame oor onder andere beleid, begroting, sertifisering en akkreditering 'n gesamentlike front gevorm kan word.

- + 'n Ander opsie is die stigting van 'n Instituut vir Onderwys (NEPI,1992b: ). Só 'n gesamentlike liggaam word gevorm uit alle instansies waar onderrigprogramme in onderwysersopleiding aangebied word, soos universiteite, onderwyskolleges en teknikons. Die voorstel behels ook dat selfs skole, waar onderwysstudente moontlik in die toekoms 'n internskapjaar sal moet deurloop, en waar sogenaamde tutoropleiers geplaas sal word, ook deel sal vorm van die Instituutopsie.

#### \* **Demografie as determinant**

Van alle huidige Suid-Afrikaanse onderwyskolleges kom die meeste op die platteland voor. (Vergelyk paragraaf 2.4.1.4 en 4.5.4.) Daarbenewens word die grootste gedeelte van die swart skoolbevolking ook in plattelandse gebiede aangetref deurdat tot 76% van die primêre skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding plaasskole is, en hierdie syfer selfs groter kan word indien die voormalige selfregerende gebiede en onafhanklike state ingesluit word. (Vergelyk paragraaf 4.5.4.) Daardeur word geïllustreer dat kleiner, verafgeleë onderwyskolleges op die plattelandse gebiede van Suid-Afrika, 'n belangrike rol vervul. Die volgende aspekte is dus van belang:

- Indien hierdie kleiner onderwyskolleges gesluit moet word, sal uittredende skoliere uit sodanige verafgeleë gemeenskappe nie meer gereedlike toegang tot verdere opleiding na matriek hê nie. Dit is juis hierdie persone wat dikwels nie kan bekostig om ver te reis vir verdere opleiding, of om losies aldaar te betaal nie, aangesien hulle uit armer gemeenskappe afkomstig is. Deur die instandhouding van kleiner plattelandse onderwyskolleges word die onderwys- en opleidingsgeleentheid dus nader aan die gebruikers geneem.
- Dit is verder bewys dat leerlinge uit plattelandse omgewings, wat opleiding aan 'n stedelike instansie ondergaan nie maklik weer na die gemeenskap van hul herkoms terugkeer nie. (Vergelyk paragraaf 4.5.4.) Die tekort aan goed gekwalifiseerde onderwysers op die platteland kan soms juis daaraan toegeskryf word.

- Onderwysers wat by kleiner verafgeleë skole onderwys gee, is in baie gevalle juis dié wie se kwalifikasies nie na wense is nie (Graaff & Gordon, 1992:208). Onderwyskolleges in sulke omgewings kan dien as sentrums vir verdere opleiding waar sodanige ontoereikend gekwalifiseerde onderwysers hulle kwalifikasies kan verbeter.
- Dit word bereken dat daar op verafgeleë plattelandse gebiede tussen een en drie miljoen swart kinders is wat nie skoolgaan nie. (Vergelyk paragraaf 4.5.4.) Indien algemene skoolplig in primêre onderwys (*universal primary education*) oor die hele land ingestel word, kan kleiner plattelandse onderwyskolleges 'n belangrike rol vervul om onderwysers vir hierdie kader te verskaf. Selfs in verband met volwasse basiese onderwys (*adult basic education*) kan 'n belangrike bydrae gelewer word.
- Indien dit algemeen aanvaar word dat onderwyskolleges ook as sogenaamde gemeenskapskolleges kan optree, sal dié wat vir plattelandse gemeenskappe toeganklik is, 'n uitsonderlik belangrike rol vervul. (Vergelyk paragraaf 4.5.4.)

Daar word dus nie met Van Loggerenberg (1993:13) saamgestem dat die aantal onderwyskolleges aansienlik ingekort moet word totdat "... only a limited number will continue to actually train teachers" nie.

Kleiner plattelandse onderwyskolleges het 'n bestaansreg om volgehoue onderwysvoorsiening aan verafgeleë dele van die land te verseker.

Op grond van die demografie as determinant, kan die gevolgtrekking dus gemaak word dat daar 'n duidelike differensiasie tussen verskillende onderwyskolleges getref kan word. Die plek en taak van kleiner (meestal plattelandse) onderwyskolleges verskil in 'n mate van dié van groter (stedelike) onderwyskolleges. Aangesien hierdie saak die onderwyskundige struktuur raak, sal dit volledig in paragraaf 6.4.4 uiteengesit word.

## \* **Kultuur as determinant**

Kultuur is een determinant van onderwysersopleiding waarvan in die empiriese ondersoek ondubbelsinnig standpunt ingeneem is. (Vergelyk ook paragraaf 6.3.2.1.) Hier moet egter onderskei word tussen die multikulturele samestelling van die teikengroep en multikulturele onderwys as studiegebied wat in die opleidingsprogram kan voorkom. Na aanleiding van genoemde empiriese ondersoek is die gevolgtrekking gemaak dat die samestelling van die studente teikengroep aan onderwyskolleges hoofsaaklik multikultureel moet wees.

Multikulturele onderwys word ook as 'n belangrike komponent van enige program van onderwysersopleiding gesien aangesien kulturele diversiteit 'n realiteit in meeste lande van die wêreld is. (Craft, 1989:133; vergelyk paragraaf 3.9.) Afgesien daarvan of dit dus as 'n bron van verryking, of as terrein van potensiële konflik gesien word, kan daar nie van die verantwoordelikheid ontkom word om dit in programme van onderwysersopleiding in te sluit nie.

- Dit word in die vooruitsig gestel dat alle onderwyskolleges multikulturele onderwys as deel van die opleidingsprogram vir onderwysers sal aanbied. Sodanige opleiding word veral belangrik wanneer in ag geneem word dat heelwat onderwysers tans nog diens lewer in skole waar die kultuur anders as hul eie is. Kultuuroordrag, veral groepskultuur wat met skoolse onderwys gepaard gaan, moet nogtans voltrek. (Vergelyk paragraaf 2.4.1.4 en 4.5.4.)

In die empiriese ondersoek het respondente hulle eenstemmig teen monokulturele en ten gunste van multikulturele onderwysersopleiding uitgespreek. (Vergelyk paragraaf 6.3.2.1 in verband met kultuur van teikengroep, sowel as die respons-analises by vrae 4.4; 9.3; 9.4; 10.6; 12.3; 13.1; 13.5; 15.1, 15.2 en 18.2 in paragraaf 5.3.) Daar is ook 'n wêreldwye neiging tot multikulturalisering van onderwysersopleiding. (Vergelyk paragraaf 3.9.4.) In die lig daarvan sal alle onderwysersopleiding aan onderwyskolleges in Suid-Afrika waarskynlik in die afsienbare toekoms 'n multikulturele onderwyskarakter aanneem met

moontlike inagneming van voorstelle wat reeds in die paragraaf oor teikengroep (vergelyk paragraaf 6.3.2.1) gemaak is.

### **6.3.3.2 Interne determinante van historiese aard**

Interne determinante verwys na kragte en faktore wat in die onderwysstelsel gesetel is, waar die wisselwerking tussen die verskillende komponente óf stimulerend óf inheberend kan wees (Steyn, 1991:81).

#### **\* Taal**

As belangrike konstituent van kultuur, was taal waarskynlik nog altyd een van die redes waarom nie enige persoon by enige instansie kan aanmeld vir opleiding nie. Hoewel daar tydens veelparty onderhandelinge besluit is dat Suid-Afrika in die toekoms elf amptelike landstale sal hê (Prinsloo & Greyling, 1993:1), is dit nie prakties moontlik om onderwysersopleiding in die opsionele taalkeuse van elke individuele student aan te bied nie. Dit is onprakties omdat daar nie van alle onderriggewers (dosente aan onderwyskolleges) verwag kan word om al elf (nuwe) ampstale só goed te ken dat dit as medium van onderrig aangewend kan word nie. Taal, as 'n interne determinant van historiese aard, sal dus veroorsaak dat vele studente van wie die moedertaal nie Afrikaans of Engels is nie, tóg in een van die twee tale opgelei sal moet word en nie in hul moedertaal nie.

Die aanvaarding van Engels as die onderwystaal deur sodanige studente (Nkabinde, 1990:11) sal waarskynlik daartoe lei dat Afrikaanse onderwyskolleges opleiding ook in Engels sal moet aanbied. Die doel van só 'n maatreël is om te verseker dat dit vir studente wat dit so verkies, moontlik sal wees om as onderwysers opleiding te ondergaan, sonder onregverdige (diskriminerende) ontberings soos om aan 'n afgeleë instansie te moet inskryf bloot omdat 'n bereikbare onderwyskollege nie opleiding in Engels aanbied nie. Enkele moontlike opsies word hiermee aan die hand gedoen.

+ Indien die behoefte groot genoeg is, behoort dieselfde werk (wat oorspronklik in Afrikaans by Afrikaanse instellings aangebied is)

gedurende afsonderlike periodes op die rooster in Engels herhaal te word.

- + Bogenoemde Engelse lesings kan desnoods in die vorm van 'n natuurse kursus ingeruim word.
- + Tweektalige lesings is ook 'n moontlikheid, dus die aanbieding van sommige dele van die lesing in die een taal en ander dele van die lesing in die ander taal. Die nadeel daaraan verbonde is dat studente wat nie beide tale goed magtig is nie dele van die lesing onverstaanbaar sal vind.

\* **Fisiese fasiliteite**

Fisiese fasiliteite is ook 'n interne determinant van historiese aard wat verdere aandag verdien. Die huidige geografiese verspreiding van onderwyskolleges oor die hele Suid-Afrika kan grotendeels toegeskryf word aan staatkundige uitgangspunte wat sedert 1948, maar veral 1983 gehuldig is (Barnard, 1984:76; Hofmyer & Buckland, 1992:20). (Vergelyk ook paragrawe 4.2.3 en 4.4.) Hoewel die onderwysstelselbeleid wat daaruit voortgevloei het 'n determinant van eksterne aard, naamlik politiek is, het dit regstreeks tot die stigting van onderwysdepartemente in elkeen van die destydse selfregerende gebiede en die onafhanklike state, die TBVC-lande, aanleiding gegee. (Vergelyk paragraaf 4.4.1 en 4.4.3.1.) Ten einde te verseker dat fasiliteite vir onderwysersopleiding geredelik beskikbaar is, was die betrokke onderwysdepartemente genoodsaak om onderwyskolleges in verafgeleë plattelandse plekke te vestig. Fisiese fasiliteite by hierdie onderwyskolleges en standaard van opleiding van die betrokke personeel is nie altyd bevredigend nie (Graaff & Gordon, 1992:208). Pogings word reeds aangewend om laasgenoemde aspek deur middel van indiensopleiding reg te stel. (Vergelyk paragraaf 4.4.) Die vraelys wat in die empiriese ondersoek van die onderhawige studie gebruik is, het in afdeling c 'n gedeelte bevat waar slegs rektore van onderwyskolleges enkele vrae beantwoord het (vergeelyk bylaag B). Omdat nie al die respondente by dié deel betrokke was nie is dit per hand verwerk. Dit het aan die lig gebring dat van die 31 rektore van onderwyskolleges wat by

die onderhawige studie betrek was slegs 35% van mening was dat die fisiese fasiliteite by die betrokke kollege voldoende is (Vergelyk vrae 26.4 en 26.5 in bylaag B.)

Aanbevelings in verband met 'n scenario vir die fisiese fasiliteite van onderwyskolleges, veral dié in plattelandse gebiede, hang ten nouste saam met demografiese tendense. (Vergelyk paragrawe 6.3.2 en 6.3.3.1.) Dit word dus weereens aanbeveel dat kleiner onderwyskolleges in verafgeleë gemeenskappe, in stand gehou behoort te word.

Indien aanvaar word dat onderwyskolleges ook as gemeenskapskolleges kan dien, of selfs dat sommige onderwyskolleges geheel en al na gemeenskapskolleges oorgeskakel word, soos deur Pippins (1991:65) en veral Le Roux (1993:21) voorgestaan word, word die instandhouding en selfs opgradering van bestaande fisiese fasiliteite onontbeerlik.

#### **6.3.4 SWOT-analise**

Teoretiese inligting in verband met 'n SWOT-analise is op grond van die literatuurstudie volledig in hoofstuk twee gegee. Sodanige inligting is daarna gebruik om die vraelys wat gedurende die empiriese ondersoek in hoofstuk 5 gebruik is, saam te stel. Response in verband met die SWOT-analise en die ontleding daarvan, kan weer by vrae 10 (sterk punte), 11 (swak punte), 12 (bedreigings) en 13 (geleenthede) nagegaan word. (Vergelyk paragraaf 5.3.)

In die sub-paragrafe wat nou volg, sal voorstelle ter uitbouing van die interne sterkpunte en eksterne geleenthede, en uitskakeling van die interne swak punte en eksterne bedreigings, gemaak word. Daardeur sal gepoog word om by 'n goed geformuleerde strategie uit te kom deur die geleenthede en bedreigings waaraan onderwyskolleges blootgestel is, met die sterk- en swakpunte daarvan te sinkroniseer.

#### 6.3.4.1 Sterk punte

- Volgens gegewens wat uit die empiriese ondersoek verkry is, is een van die sterkste punte van enige onderwyskollege se onderwysersopleidingsprogram ongetwyfeld die praktiese onderwyskomponent wat daarvan deel is. Blootstelling aan die werklike situasie, waar die beroep beoefen gaan word, word hoog aangeskryf.

Vanweë die belangrike rol wat praktiese onderwys en die nadoen van vaardighede in die vroeë jare van onderwysersopleiding gespeel het, is in die Engelse terminologie daarna verwys as *teachers' training*. (Vergelyk paragraaf 3.2.) In die hedendaagse kurrikulum vir onderwysersopleiding word 'n regmatige plek aan teoretiese kennis van opvoedkunde, sowel as aan onderwyskundige en vakdidaktiese studies gegee. (Vergelyk paragraaf 3.9.4.) Vandaar die hedendaagse benaming van *teacher education* (Siebörger & Kenyon, 1992:149). Spesifieke aanbevelings in verband met praktiese onderwys en moontlikhede vir internskap sal in paragraaf 6.4.4 gemaak word aangesien dit 'n inherente deel van die onderwyskundige struktuur is.

- Veelsydige opleiding is 'n sterk punt aan onderwyskolleges. Studente word in akademiese en buitemuurse aspekte van die onderwysberoep opgelei. Die gemeenskap waar die student na voltooiing van studies, as onderwyser sal dien, kan veel baat by iemand wat oor sodanige vaardighede en kundighede beskik. (Vergelyk paragraaf 6.3.3 - demografie.)
- In gevalle waar samewerking met ander tersiêre instansies optimaal in werking gestel word, is dit 'n sterk punt, aangesien die algehele standaard van onderwysersopleiding daardeur verhoog word.
- Geografiese verspreiding van onderwyskolleges in Suid-Afrika tot in verafgeleë plattelandse gebiede is ook 'n sterk punt om redes soos dit reeds in paragrawe 6.3.3.1 en 6.4.4 genoem is. Die feit dat heelwat van die aspekte wat in die betrokke twee paragrawe aanbeveel is, byvoorbeeld die lewering van gemeenskapsdiens deur

nieformele onderwysaksies soos in 'n gemeenskapskollege, nie tans so uitgevoer word nie, maak dat dit tegelyk ook as 'n geleentheid beskou kan word. (Vergelyk paragraaf 6.3.4.3.)

#### 6.3.4.2 Swak punte

- Die administratiewe (en beleids-) indeling van onderwyskolleges saam met die skolesektor het veroorsaak dat onderwyskolleges dikwels as weinig meer as 'n hoërskool gesien is. Beheer geskied dienooreenkomstig, met weinig sprake van 'n tersiêre etos (Vergelyk paragrawe 4.4, 4.4.1 en 4.4.2.)
- Die verdeelde beheer oor onderwysersopleiding wat deur artikel 85 van die *Zuid-Afrika Wet* van 1910 veroorsaak is, is vandag nog nie ten volle beëindig nie (Beckmann, 1989:177, soos aangehaal in paragraaf 4.4.2). Dit is ook 'n aspek wat realisering van doelstellings van onderwyskolleges, volgens die empiriese ondersoek, op 'n dramatiese en nadelige wyse beïnvloed. Die tradisionele verdeling van onderwys, en dus ook beheer oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika in minstens nege verskillende onderwysdepartemente (vergeelyk paragraaf 4.4.1 en ook vraag 11 by paragraaf 5.3.11) noodsaak die aanstelling van 'n amptenary en beheerstrukture in elke onderwysdepartement. Sodanige duplisering vind onder andere ook plaas ten opsigte van fisiese fasiliteite met gepaardgaande gebrek aan koste-effektiwiteit.
- 'n Verdere swak punt van onderwyskolleges is die persepsie wat bestaan dat onderwyskollegestudente swakker onderwyskandidate is omdat hulle nie aan dieselfde akademiese toelatingsvereistes as voornemende onderwysstudente aan universiteite hoef te voldoen nie. (Vergelyk response in antwoord op vraag 11.1 in paragraaf 5.3.11.) Hierdie negatiewe siening is in sommige ander lande, soos Engeland, uit die weg geruim deur verhoging van standaard van opleiding aan onderwyskolleges en gepaardgaande instelling van graadkursusse by onderwyskolleges. (Vergelyk paragraaf 3.5.2.)

### 6.3.4.3 Geleentede

Die volgende kan as aspekte gesien word wat onderwyskolleges ook kan benut om doelstellings meer optimaal te verwesenlik. By sommige onderwyskolleges geniet dit wel aandag maar by ander kan dit verder uitgebrei word.

- Aanbieding van indiensopleidingsprogramme aan onder- en ongekwalifiseerde onderwysers uit die omgewing van die onderwyskollege. (Vergelyk vraag 12 by paragraaf 5.3.12; 6.3.2 en RSA, 1992a:47.)
- Instelling van nieformele onderwysprogramme aan die gemeenskap, sodat gemeenskapkolleges ook, en veral in verafgeleë plattelandse gebiede gevestig kan word. Hierdeur sal die geleentheid geskep word om onderwys aan ál die inwoners van die land te voorsien (Matabane, 1993:2). Volgens Le Roux (1993:4) word bereken dat die ongeletterdheidsyfer onder volwassenes in Suid-Afrika so hoog as 60% kan wees. Die instelling van gemeenskapkolleges as deel van die verantwoordelikheid van onderwyskolleges, behoort tot die verlaging van dié syfer by te dra. Indien die geografiese verspreiding van onderwyskolleges oor die hele land in ag geneem word, blyk dit duidelik dat hierdie 'n geleentheid is wat alle onderwyskolleges maksimaal behoort te benut.
- Verbreding van die teikengroep om studente uit enige etniese en kultuurgroep te akkommodeer, mits die voertaal geen probleme oplewer nie. (Vergelyk paragraaf 6.3.2 en 6.3.3.1.)
- Indien die teikengroep van onderwyskolleges heteroëen ten opsigte van kultuur (vergelyk paragraaf 6.3.2.1) én geslag (vergelyk paragraaf 6.3.2.3) is, kan dit as 'n geleentheid gesien word waardeur interaksie tussen studente verrykend op mekaar inwerk. Ander kultuurgroepe kan beter leer ken en verstaan word, sodat die betrokke studente toegerus sal wees om relevante onderwys in terme van toekomstige landsomstandighede aan te bied. Verder is inskerping van gemeenskaplike waardes in landsbelang moontlik.

- Implementering van 'n internskapjaar kan ook as 'n geleentheid beskou word, maar sal in paragraaf 6.4.4 verder bespreek word.


#### **6.3.4.4 Bedreigings**

Die volgende bedreigings sluit alle toekomstige faktore in wat kan veroorsaak dat onderwyskollegedoelstellings nie sal realiseer nie:

- Onverdraagsaamheid van sekere sektore van die teikengroep van 'n onderwyskollege om met persone uit ander kultuurgroepe saam te werk. (Vergelyk vraag 13.5 by paragraaf 5.3.13.)
- Gebrek aan wetgewing en algemene beleid insake onderwysersopleiding. (Vergelyk paragraaf 1.2 en 4.4.)
- Rasionalisasieprogramme van die kant van die owerheid, waardeur kleiner onderwyskolleges gesluit word, terwyl dringende behoefte aan opleiding of dienslewering op die gebied van die onderwys, op vele terreine bestaan. (Vergelyk vraag 13.7 by paragraaf 5.3.13.)
- Onsekerhede ten opsigte van die toekoms van onderwyskolleges vanweë grondwetlike herskikkings wat tans plaasvind, die nuwe staatkundige bedeling wat tegemoet gegaan word en die plek van onderwysersopleiding oor die algemeen, kan ook as 'n bedreiging beskou word. (Vergelyk vraag 13.4 paragraaf 5.3.13.)
- Gebrek aan samewerking met ander tersiêre instansies bedreig by sommige onderwyskolleges ook die optimale realisering van doelstellings. (Vergelyk vraag 13.6 by paragraaf 5.3.13.)

Die eerste fase van die strategiese bestuursproses, naamlik die beplanningsanaliseringsfase, kan visueel voorgestel word soos op die volgende bladsy in figuur 6.2 aangedui.

**FIGUUR 6.2**  
**Beplanningsanaliseringsfase**



## 6.4 BEPLANNINGSOPERASIONALISERINGSFASE

Aangesien die volgende vyf komponente van 'n scenario vir die toekomstige bestaan van onderwyskolleges, naamlik die missie, doelstellings, doelwitte, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste die fase van beplanningsoperasionalisering uitmaak, kan spesifieke aanbevelings in dié verband gemaak word. Die uitvoering van die plan sou dus aan die hand van die vyf komponente kon geskied. Om daardie rede moet die behoeftes van die teikengroep, die determinante en die SWOT-analise, (naamlik sterk en swak punte, geleentehede en bedreigings) deeglik in gedagte gehou word en moet daaraan erkenning verleen word (Steyn, 1993b:10). By die bespreking van die teikengroep (vergelyk paragraaf 6.3.2), die determinante (vergelyk paragraaf 6.3.3) en die SWOT-analise (vergelyk paragraaf 6.3.4) is reeds 'n aantal indikatore aangedui wat die funksionering van onderwyskolleges bepaal. Vervolgens sal dus volstaan word met kort uiteensettings om oorvleueling te vermy.

### 6.4.1 Missie

Die missie behoort 'n produk van die samewerking tussen die verskillende belanghebbendes te wees, en daarom word hier net riglyne vir die inhoud van 'n missie gegee.

- \* Erkenning behoort aan die tersiêre status van onderwyskolleges verleen te word. (Vergelyk paragrawe 6.3.2, 5.3.5 en 5.3.6 - response by vrae 5.3 en 6.4.)
- \* Opleiding aan onderwyskolleges moet die karakter van voordiens- en indiensopleiding deur middel van formele onderwysprogramme aanneem. (Vergelyk paragrawe 6.3.2 en 5.3 - response by vrae 4.1, 4.6, 12.3, en 12.4.)
- \* Die onderwyskollege moet deur middel van kontakonderrig en praktiese onderwys, sowel as deur middel van opleiding in vakdidaktieke en buitemuurse aktiwiteite kwaliteit onderwysersopleiding verskaf sodat gemeenskapserkenning verkry kan word. (Vergelyk paragrawe 6.3.4 en 5.3 - response by vrae 3, 4, 10 en 18.)

- \* Benewens basiese onderwys aan ongeletterde persone, kan ook nie-formele onderwysaksies aan die gemeenskap volgens die karakter van 'n gemeenskapskollege oorweeg word. (Vergelyk paragrawe 4.5.4 en 5.3 - response by vrae 3.3, 4.7, 12.1 en 18.4.)
- \* Hoewel die waardestelsel van die onderwyskollege duidelik in die visie aangedui word, behoort in die missiestelling weereens duidelik te blyk watter lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag van alle werksaamhede van die onderwyskollege lê. (Vergelyk paragrawe 2.4.1.1; 2.4.2.1 en 6.3.1.) Dit dien weer vermeld te word dat, vanweë die uiteenlopendheid van lewens- en wêreldbeskouings in Suid-Afrika, 'n eenvormige, algemeen geldende waardestelsel vir onderwyskolleges nie hier gestel kan word nie, maar dat daar plaaslik, na afloop van die visiëstelling, daarvoor besluit moet word.

#### 6.4.2 Doelstelling

Doelstellings vloei uit die missie voort en is 'n verdere verfyning daarvan in die sin dat dit die resultate aandui wat na die verloop van 'n redelike tyd behaal moet word. (Vergelyk paragraaf 2.4.2.2.) By die formulering van doelstellings vir 'n spesifieke onderwyskollege moet die volgende aspekte in gedagte gehou word:

- \* Op grond van demografiese faktore, soos in paragraaf 6.3.3.1 uiteengesit, word voorgestel dat daar 'n onderskeid tussen twee soorte onderwyskolleges getref word. Daar kan verwys word na groot onderwyskolleges, dié in stedelike gebiede wat toeganklik is vir vele onderwysers en wat redelik naby aan 'n universiteit geleë is, teenoor die klein onderwyskollege, geleë in verafgeleë plattelandse gebiede waar relatief onderontwikkelde gemeenskappe woon en waar persoonlike kontak met universiteitspersoneel nie op 'n daaglikse basis kan plaasvind nie.

By die opstel van doelstellings behoort die belanghebbendes dus gelei deur die uitkomst van die ander stappe van die raamwerk vir strategiese beplanning, reeds duidelikheid te hê of die besondere instansie die rol van 'n klein of 'n groot onderwyskollege gaan vervul.

Doelstellings wat vir die onderwyskollege gestel word, word wesenlik deur hierdie besluit geraak. Die benaming groot of klein onderwyskollege mag misleidend wees, aangesien die maatstaf in hierdie geval nie slegs getalle is nie, maar onder andere aspekte wat reeds in die aanbevelings oor demografie in paragraaf 6.3.3.1 uiteengesit is. Ander relevante oorwegings aan die hand waarvan die onderskeid tussen groot en klein onderwyskolleges (vir die doeleindes van hierdie studie) gemaak word, het betrekking op die onderwyskundige struktuur en word in paragraaf 6.4.4 verder verduidelik.

- \* Afgesien van bogenoemde besluit wat geneem moet word alvorens daar oorgegaan kan word tot 'n doelstelling, moet die doelstellings van alle onderwyskolleges duidelik aandui watter beheer- en kontrolemaatreëls getref gaan word ten einde die status van die onderwyskollege as tersiêre instansie binne die onderwysstelsel te vestig. (Vergelyk paragrawe 2.4.1.3 en 5.3.5 - vraag 5 oor magte van bedinging.)
- \* Aan die hand van die doelstellings wat met betrekking tot die onderwysprogramme gestel word, moet dit duidelik blyk of die fokus van die betrokke onderwyskollege (slegs die tradisionele preprimêre en primêre onderwys gaan wees. Aan die ander kant moet besin word of kursusse vir alle niegegraduateerde onderwysersopleiding (dus ook sekondêre diploma-opleiding) aangebied gaan word. (Vergelyk paragrawe 5.3.17- response op vraag 17.1 en 6.3.2.)
- \* Daarbenewens moet die doelstellings vir alle programme in onderwysersopleiding ooreenstem met nasionale onderwysdoelstellings en daaraan uitvoering gee. (Vergelyk paragraaf 3.9.1 en RSA, 1992a:16.) By dié lande wat in die vergelykende studie betrek is waar die regeringstelsel ook 'n federale karakter het (vergeelyk hoofstuk drie), soos wat tans in Suid-Afrika gevestig word, is in dié verband belangrike lesse te leer. In Duitsland word onderwysers aan die hand van die

*Bildungsgesamtplan* opgelei om 'n nasionale eenheidsgevoel tussen *Länder* te verseker (vergelyk paragraaf 3.6.1, en in Nigerië werk die *National Policy on Education* fragmentering in onderwysersopleiding as gevolg van streekwetgewing teë. (Vergelyk paragraaf 3.8.1.)

- \* Onderwyskollegedoelstellings moet ook 'n balans tussen teoretiese (akademiese) en praktiese opleiding laat blyk. (Vergelyk paragraaf 3.9.4.)
- \* Onderwyskollegedoelstellings (veral met betrekking tot opleidingsprogramme) moet 'n aanduiding gee dat studente, in ooreenstemming met internasionale riglyne vir kurrikula vir onderwysersopleiding wat in hoofstuk drie ondersoek is (vergelyk paragrawe 3.4.4; 3.5.4; 3.6.4; 3.7.4; 3.8.4 en 3.9.4) toegerus word om leerlinge se persoonsmoontlikhede, en daardeur hulle beroepsmoontlikhede, optimaal te laat ontplooi. Dit sal op sy beurt 'n bydrae lewer tot die land se mensekragbehoefes. Ten einde hierdie doelstelling te verwesenlik, is grondige kennis van bepaalde skoolvakke en die vakdidaktiek daarvan noodsaaklik.
- \* Doelstellings moet 'n bydrae lewer tot verhoging van die standaard van onderwys. Onderwysers met ontoereikende kwalifikasies moet geleentheid gegee word om hulleself, deur indiens en verdere opleidingsprogramme, aan die onderwyskollege beter vir hul taak te bekwaam.
- \* In 'n toekomstige onderwysbedeling sal sommige onderwyskolleges ook verantwoordelikheid vir gemeenskapsopheffing, deur middel van nieformele onderwysprogramme moet neem. (Vergelyk paragraaf 4.5.4.) Voorsiening van basiese onderwys aan ongeletterde volwassenes uit die omgewing kan ook, as verantwoordelikheid van 'n onderwyskollege, verder ondersoek word.

### 6.4.3 Doelwitte

Doelwitstelling behels die opdra van spesifieke take aan spesifieke persone wat deur middel van raadpleging tussen die belanghebbendes op plaaslike vlak vasgestel word. Om daardie rede kan hier geen aanbevelings met die oog op scenarioskepping gemaak word nie.

### 6.4.4 Onderwyskundige struktuur

Die onderwyskundige struktuur verwys na die inrigtings, bewegingsmoontlikhede tussen die inrigtings, programme vir onderwysersopleiding, die studente en dosente, onderrigmedium en fisiese fasiliteite.

#### 6.4.4.1 Inrigtings

Die geografiese verspreiding van onderwyskolleges oor die hele land kan tot voordeel van die onderwys aangewend word. Soos dit in paragrawe 6.3.3.1 en 4.5.4 gestel is, keer jong onderwysers nie maklik na verafgeleë plattelandse gebiede terug indien hulle aan stedelike onderwyskolleges studeer het nie. Die kleiner onderwyskollege in genoemde gebiede vervul dus 'n belangrike rol en kan ook diens aan die gemeenskap lewer deur basiese onderwys aan ongeletterde mense te verskaf, sogenaamde *adult basic education* (NEPI, 1992a:238).

Afgesien van die primêre funksie van onderwyskolleges, naamlik inisiële onderwysersopleiding, kan onderwyskolleges in stedelike gebiede die sekondêre funksie van verdere opleiding behartig, en sal ook vanweë hul ligging belangrik wees aangesien daar 'n groot konsentrasie van onderwysers is wat toegang tot sodanige onderwyskolleges sal hê.

#### 6.4.4.2 Bewegingsmoontlikhede

Ten einde die voorsiening van onderwysers vir tegniese studierigtings te verseker, moet bewegingsmoontlikhede tussen teknikons, tegniese kolleges en instansies wat onderwysers oplei, soos onderwyskolleges en

universiteite, verseker word. In dié verband kan gelet word op die Duitse onderwysstelsel waar tersiëre tegniese onderwysinstansies (*Fachhochschulen*) met onderwyskolleges saamgesmelt het om onderwysersopleiding in tegniese studierigtings te fasiliteer, waardeur die *Gesamthochschulen* ontstaan het. (Vergelyk paragraaf 3.6.2.) Ten einde sodanige bewegingsmoontlikhede te koördineer en te beheer, behoort die instelling van 'n Nasionale validerings-, sertifiserings- en akkrediteringsraad ingestel te word.

#### 6.4.4.3 Onderwysersopleidingsprogramme

Op grond van bevindinge in verband met onderwysersopleiding in enkele ander lande (vergelyk hoofstuk 3), 'n ontleding van die response in die empiriese ondersoek (vergelyk vraag 17 in paragraaf 5.3), die aanbevelings wat reeds in verband met die teikengroep gemaak is (vergelyk paragraaf 6.3.2) en riglyne vir die doelstellings vir onderwyskolleges (vergelyk paragraaf 6.4.2) word die volgende scenario ten opsigte van programme vir onderwysersopleiding aan onderwyskolleges in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel:

- + Alle diplomaopleiding van alle onderwysstudente (ook nagraadse diplomas) moet aan onderwyskolleges geskied, soos verder uiteengesit sal word.
- + Hoewel alle kwalifikasies op 'n nasionale grondslag eenvormig behoort te wees, behoort die volgende onderskeie opleidingsmoontlikhede te bestaan om by die uiteenlopende behoeftes en vermoëns van potensiële onderwyskandidate te pas.
- + Die **minimum** duur van alle inisiële kursusse vir primêre onderwys word, in ooreenstemming met internasionale standaarde (vergelyk paragrawe 3.4.2 - Nederland; 3.6.2 - Duitsland; 3.7.2 - Japan en 3.8.2 - Nigerië), op drie jaar vasgestel. (Toelatingsvereistes is slegs die verwerwing van 'n senior sertifikaat, en 'n onderwysdiploma (OD) word toegeken.)

- + 'n Opsionele vierde jaar moet, weereens in ooreenstemming met internasionale gebruik (vergelyk dieselfde paragrawe as bogenoemde) gevolg kan word waardeur 'n verdere onderwysdiploma (VOD) toegeken kan word. As gevolg van die tekort aan voldoende opgeleide onderwysers in sommige gemeenskappe (vergelyk paragraaf 4.5.4) kan die moontlikheid ondersoek word om só 'n opleiding in die vierde jaar met die instelling van 'n internskap te kombineer. 'n Afstandsonderrigkursus kan gedurende die internskapjaar gevolg word. Onderwysmensekrag word so op 'n vroeër stadium aan die onderwysarbeidsmark beskikbaar gestel, waardeur die behoefte aan onderwysers (waar dit bestaan) verlig kan word.
- + Sommige onderwyskolleges moet in samewerking met 'n universiteit (vergelyk die volgende twee aanbevelings) toegelaat word om 'n inisiële kursus van vier jaar vir onderwyskandidate in óf primêre onderwys óf sekondêre onderwys aan te bied. In Nederland (vergelyk paragraaf 3.4.2), Engeland (vergelyk paragraaf 3.5.2), Duitsland (vergelyk paragraaf 3.6.2) en in Japan (vergelyk paragraaf 3.7.2) bestaan soortgelyke differensiasiemoontlikhede vir onderwysersopleiding. Die toelatingsvereiste vir sodanige onderwyskandidate moet, om redes wat in die volgende paragraaf sal blyk, die senior sertifikaat met minstens twee vakke op die hoër graad wees. 'n Hoër onderwysdiploma (HOD) word toegeken;
- + Die progamme vir bogenoemde vierjaaropleiding moet deur 'n universiteit geakkrediteer word sodat moontlikhede vir toelating (deurstroming) tussen verskillende tersiêre instansies wat onderwysersopleidingskursusse aanbied, verseker en gekontroleer kan word. Die ietwat hoër toelatingsvereiste as in die geval van gewone (suiwer) driejaaropleiding bied die versekering dat voornemende kandidate aan die gestelde akademiese vereistes van só 'n kursus sal kan voldoen.
- + Op grond van akkreditering soos bo uiteengesit, moet die moontlikheid bestaan om, na verwerwing van verdere krediete deur byvoorbeeld universiteitstudie van een jaar (ook buitemuurs soos

deur VISTA of UNISA aangebied), 'n graad te verwerf, soos wat dit tans die geval by sommige 'blanke' onderwyskolleges is. (Vergelyk paragraaf 4.4.1.)

- + Na verloop van tyd, waarin bogenoemde stelsel suksesvol geïmplementeer is, kan selfs oorweging geskenk word aan die moontlikheid om graadkursusse in onderwysersopleiding, gevolg deur onderwyskandidate wat aan universiteitstoelatingsvereistes voldoen, aan onderwyskolleges in te stel, soos dit die geval in Engeland en Duitsland is. (Vergelyk paragrawe 3.5 en 3.6.) Daar bestaan in elk geval tans in Suid-Afrika weinig geleentheid vir voornemende onderwysers aan die primêre skool om 'n graadkursus te volg.
- + 'n Eenjarige nagraadse HOD moet, in ooreenstemming met gebruike in buitelandse onderwysersopleiding (vergeelyk Engeland - paragraaf 3.5 en Duitsland - paragraaf 3.6) en met die menings van kundiges op die terrein van onderwysersopleiding (vergeelyk paragraaf 5.3.17 - vraag 17) deur onderwyskolleges aangebied word. Hierdeur kan aan persone wat aanvanklik 'n nie-onderwysgerigte kwalifikasie behaal het, die geleentheid gebied word om ook as onderwysers te kwalifiseer. Só 'n nagraadse (verdere) onderwyskwalifikasie moet ook deur persone gevolg kan word wat 'n N6 aan 'n Technikon behaal het.
- + Die algemene riglyne vir onderwysersopleiding wat met die literatuurstudie van onderwysersopleidingsprogramme in vyf ander lande gestel is (vergeelyk paragraaf 3.9) en 'n ondersoek na die huidige praktyk in Suid-Afrika (vergeelyk paragraaf 4.4.3.3), het die volgende spesialiseringrigtings aan die lig gebring: In die geval van junior primêre opleiding moet spesialisering in preprimêre werk moontlik wees en in die geval van sekondêre opleiding moet vakspecialisasie moontlik wees en moet die tegniese studierigtings behoue bly en indien moontlik in samewerking met technikon aangebied word.

- \* driejarige OD (PP,JP,SP,Sek of Tech);
- \* vierde jaar VOD (soos bogenoemde);
- \* algehele vierjarige HOD (soos bogenoemde), en 'n
- \* nagraadse HOD (JP,SP,Sek of Tech).

Met die bogenoemde uiteensetting is die inrigtings, bewegingsmoontlikhede tussen inrigtings, en onderrigprogramme van die onderwyskundige struktuur dus aangespreek. Vervolgens sal kortliks die leerders, die onderriggewers en die fisiese fasiliteite ondersoek word.

#### **6.4.4.4 Leerders**

Die leerdergroep van onderwyskolleges is reeds in paragraaf 6.3.2 aan die orde gestel. Die volgende behoort die kenmerke van die leerdergroep vir onderwyskolleges te wees:

- \* multikultureel;
- \* afkomstig vanaf enige plek in die land;
- \* van beide manlike en vroulike geslag, en
- \* gedifferensieerde toelatingsvereistes afhangende van voorgenome kursus, wat uit die moontlikhede soos in die vorige paragraaf gestel is, gekies word.

#### **6.4.4.5 Onderriggewers**

Onderriggewers hoef nie noodwendig van dieselfde kultuurgroep as studente te wees nie (vergelyk paragraaf 5.3.15 - responsanalise by vraag 15.1), maar moet slegs op grond van bekwaamheid aangestel word (vraag 15.2). Die onderrigmedium is reeds as taal by interne deteminante van historiese aard (vergelyk paragraaf 6.3.3.2) volledig bespreek. Kortliks kom dit op die volgende neer:

- \* Studente wat nie Engels of Afrikaans as moedertaal het nie, sal waarskynlik Engels as onderrigtaal aanvaar.
- \* Dit sal daartoe lei dat alle onderwyskolleges op een of ander manier voorsiening sal moet maak om alle kursusinhoud, ten minste addisioneel tot Afrikaans ook in Engels aan te bied.

#### **6.4.4.6 Fisiese fasiliteite**

Die noue verwantskap tussen fisiese fasiliteite met demografie het veroorsaak dat hierdie aspek ook volledig in paragraaf 6.3.3.1 (demografie) uitgeklaar is. Die essensies daarvan is die volgende:

- \* Kleiner onderwyskolleges moet behoue bly.
- \* Op verafgeleë dele van die platteland kan onderwyskolleges juis die doel dien om 'n sentrum vir verdere opleiding vir ondergekwalfiseerde onderwysers te wees.
- \* Ongeletterde persone uit die gemeenskap kan by sulke onderwyskolleges basiese onderwys ontvang.
- \* Wanneer verpligte universele primêre onderwys ingestel word, kan sulke onderwyskolleges juis dien om onderwysers te voorsien (op te lei).
- \* In groter sentra is 'n konsentrasie onderwysers vanweë meer mense en groter skole. Hierdie onderwysers gaan ook 'n behoefte ondervind om in diens en verder opgelei te word. Die fisiese fasiliteite by sulke onderwyskolleges moet dus ook in stand gehou word.

#### **6.4.5 Ondersteuningsdienste**

Die doel van die ondersteuningsdienste is om doeltreffende onderrig-leer binne die onderwyskundige struktuur te verseker. (Vergelyk paragraaf 4.2.5.) Die leerder moet dus ondersteun word, sowel as die onderriggewer.

#### **6.4.5.1 Ondersteuningsdienste aan die leerder**

- Van al die ondersteuningsdienste wat aan onderwyskolleges voorsien behoort te word (vergelyk response op vraag 21 van die vraelys, paragraaf 5.3.21) is die biblioteek en inligtingsdiens die belangrikste. Gegronde op die response op die empiriese ondersoek wat in hoofstuk vyf gedoen is, kan die volgende prioriteite vir verdere ondersteuningsdienste aan onderwyskolleges gestel word:
- sielkundige en voorligtingsdiens, en
- sport- en ontspanningsgeriewe.

#### **6.4.5.2 Ondersteuningsdiens aan die onderriggewer**


- 'n Onderrig-ontwikkelingsdiens waar hulpverlening met vervaardiging en gebruik van onderwysmedia geskied;
- navorsingsdiens;
- openbare skakelafdeling en fondswerwing, en
- kommunikasiediens vir personeelnavrae.

Van die vyf buitelandse onderwysstelsels wat ter wille van die plek en taak van onderwyskollege-ekwivalente inrigtings ondersoek is, is daar in vier gevalle ook inligting in verband met een besondere onderwysers=opleidingsinrigting verkry. (Vergelyk paragrawe 3.4.5; 3.5.5; 3.6.5 en 3.7.5.) Hieruit blyk 'n ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse situasie wat ondersteuningsdienste betref.

Die tweede fase van die strategiese beplanningsproses, naamlik die beplanningsoperasionaliseringsfase kan visueel voorgestel word soos in figuur 6.3 aangedui.

## FIGUUR 6.3

### Beplanningsoperasionaliseringsfase



## **6.5 BEPLANNINGSIMPLEMENTERINGSFASE**

Nadat alle aspekte van die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel beplan is, en die operasionalisering daarvan ook aandag ontvang het, word vervolgens aanbevelings gemaak aan die hand van bogenoemde aspekte en hoe dit geïmplementeer kan word. Die wettiging van enige stelsel word verseker deur die bepaalde beleid. Beleid word weer ten uitvoer gebring deur die administratiewe komponente.

### **6.5.1 Onderwysstelselbeleid**

Daar kan ten opsigte van beleid slegs enkele riglyne voorgestel word, aangesien besluitnemingsbevoegdheid beperk is tot demokraties verkose wetgewende liggame, soos 'n parlement, nasionale vergadering of provinsiale raad. Wanneer voorstelle in verband met beleid vir onderwysersopleiding oorweeg word, blyk dit dat die hele strategiese beplanningsraamwerk van belang is, aangesien elkeen van die stappe 'n belangrike bydrae lewer ten einde die verlangde aard en standaard van onderwysersopleiding daar te stel.

Die daarstelling van bepaalde bevoegdhede by onderwysstudente, is wat in essensie deur die formulering van beleid beoog word. Sodanige bevoegdhede hang egter ten nouste saam met die gestelde missie, doelstellings, doelwitte, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste, waarvoor in die uiteensetting tot dusver slegs riglyne gegee is. Die detail vir individuele onderwyskolleges sal plaaslik, aan die hand van die voorgestelde strategiese beplanningsraamwerk, in oorleg met alle belanghebbendes uitgewerk moet word.

In onderwysstelselbeleid moet die aspekte van die fase van beplanningsoperasionalisering elk aandag ontvang. In die beleid moet dus die volgende vasgelê word, naamlik:

- \* misse;

- \* doelstellings;
- \* basiese riglyne ten opsigte van die struktuur en funksionering van onderwyskolleges, en
- \* ondersteuningsdienste.

Dit word voorgestel dat 'n beleid aanvaar moet word waarvolgens onderwyskolleges in 'n nuwe onderwyskundige bedeling saam met alle tersiêre (hoër) onderwys, in ooreenstemming met die nuwe staatkundige bedeling, vanuit 'n nasionale onderwysdepartement sentraal beheer moet word. (Vergelyk paragraaf 6.3.3.1.) Daardeur sal onderwyskolleges as volwaardige tersiêre onderwysinstansies erken word, en eenvormigheid oor die hele land verseker word. Beleid kan verder bepaal dat daar in elke streek 'n afdeling of direktoraat vir onderwysersopleiding gestig moet word, ten einde die uitvoering van nasionale beleid te verseker en te kontroleer.

Aspekte van beleid in verband met die plek en taak van onderwyskolleges, waaraan die genoemde demokraties verkose wetgewende liggame aandag sal moet gee, is die volgende (vergeelyk paragraaf 2.5.1):

- \* Opleidingsbeleid.
- \* Personeelbeleid.
- \* Finansieringsbeleid.

### **6.5.2 Administratiewe stelsel**

Die administratiewe stelsel is daarop ingestel om die gestelde beleid te laat realiseer. (Vergelyk paragraaf 2.5.2.)

Administratiewe strukture word deur die organisering van verskillende funksionariese in 'n bepaalde volgorde, elk met 'n spesifieke taakoms krywing en verantwoordelikheid, daargestel (vergeelyk paragraaf 2.5.2).

Soos in paragraaf 1.2 aangedui, het daar al vir 65 jaar 'n dispuut bestaan of onderwyskolleges ten volle outonoom moes wees of deur die voormalige provinsies beheer moes word. Van alle respondente wat egter met die

empiriese ondersoek van die onderhawige navorsing betrek is, het 79,3% hulself ten gunste van die stigting van 'n eie onderwyskollege sektor as volle deel van tersiêre onderwys, uitgespreek. (Vergelyk paragraaf 5.3.5 - vraag 5.) Ten einde die onderwyskolleges as tersiêre instansies te vestig, is dit dus noodsaaklik dat administratiewe maatreëls getref moet word wat onderwyskolleges finaal van die skolesektor sal skei.

Met die stigting van senate vir onderwyskolleges (vergeelyk paragraaf 4.4.2) is samewerking tussen universiteite en onderwyskolleges bewerkstellig. Tog het onderwyskolleges nogtans onder beheer van een of ander onderwysdepartement gestaan (vergeelyk paragraaf 4.4.1) op grond waarvan beweer kan word dat beheer oor onderwyskolleges tot nog toe verdeeld en gefragmenteerd was. (Vergelyk paragraaf 1.2.)

Dit is reeds in die vorige paragraaf voorgestel dat onderwyskolleges in 'n nuwe onderwyskundige bedeling onder 'n nasionale onderwysdepartement, vanwaar koördinerende van alle onderwyskollegeaangeleenthede oor die hele land kan geskied, sal ressorteer. Daar moet gewaak word teen 'n burokratiese, ongebalanseerde topswaar (*top heavy*) beheerstruktuur, wat alle inisiatief, kreatiwiteit en professionalisme sal demp. (Vergelyk paragraaf 6.3.3.1 - ekonomie.)

Afwenteling van gesag vanaf die nasionale liggaam moet dus ook nie net beperk word tot streeksdirektorate vir onderwysersopleiding nie, maar moet tot op plaaslike vlak, dus die inrigting self met toekenning van gepaargaande afdelingsbevoegdheid gevoer word.

In die lig van die administratiewe riglyne tot dusver gegee, blyk 'n lyn- en staforganisasie die mees gepaste opsie vir administratiewe beheer van onderwyskolleges in 'n toekomstige Suid-Afrika te wees. Lynfunksionarisse, soos direkteure van federale onderwysdepartemente en rektore van die onderwyskolleges, moet kundige advies van staffunksionarisse, soos voorligtingsielkundiges, biblioteekpersoneel en selfs ook finansiële adviseurs ontvang. Die beskikbaarheid van sodanige deskundige hulp, waardeur tegelyk meer tyd tot die beskikking van lynfunksionarisse of afdelingshoofde gestel word om aan bestuurswerk te

bestee, is die belangrikste voordeel van só 'n lyn- en staforganisasie (Marx & Van Aswegen, 1979:67).

In die lig van die differensiasie wat ten opsigte van verskillende onderwyskolleges in die uiteensettings van demografie as determinant én by die onderwyskundige struktuur voorgestel is (vergelyk paragrawe 6.3.3.1 en 6.4.4) word hier aanbeveel dat administratiewe maatreëls dienooreenkomstig by die instansies soos volg aangepas word:

- \* By die "groot" onderwyskolleges geskied noue samewerking (*close co-operation* - vergelyk aanbevelings van die Van Wyk De Vries - kommissie na onderwysersopleiding in paragraaf 4.4.2) tussen onderwyskollege en universiteit steeds deur middel van 'n liggaam soos die kollegesenaat. Alle voordele wat die instelling van onderwyskollegesenate ingehou het (vergelyk paragraaf 4.4.2), is tans steeds van toepassing indien sodanige koördineringsliggame behou sou word. Die belangrikste daarvan is dat akademiese standaarde, op grond van akkreditering, deur die universiteite verseker kan word. 'n Verdere konsekwensie daarvan is dat deurstroming tussen verskeie sulke onderwysersopleidingsinstansies (van ooreenstemmende standaard) daargestel word; dat die opleiding van vier jaar, soos dit by die onderwyskundige struktuur voorgestel is (vergelyk paragraaf 6.4.4.1) akademies 'n hoër standaard as die driejaaropleiding sal hê. Uiteindelik moet sulke onderwyskolleges in die toekoms toegelaat word om graadkursusse in onderwysersopleiding, soos onder andere in Engeland (vergelyk paragraaf 3.5.4) aan te bied. (Vergelyk ook paragraaf 6.4.4.3.)
- \* Administratiewe beheermaatreëls ten opsigte van kursusinhoud (kurrikula) by "klein" onderwyskolleges mag deur die inspraak van kontrole van onderwysbeplanners van die betrokke streeksregering 'n bepaalde vorm aanneem. Koördinerings op 'n nasionale grondslag sal steeds nodig wees; dusdoende sal akademiese ontwirting wanneer van een instansie na 'n ander oorgegaan word, uitgeskakel word. (Vergelyk paragraaf 6.4.4.2.)

- \* Ten opsigte van finansiële en voorraadadministrasie by onderwyskolleges is in die Direkoraat: Tersiëre Opleiding van die Departement van Onderwys en Opleiding veel vordering gemaak om beheermaatreëls te desentraliseer, is in 1992 begin om 'n nasionale rekenaarnetwerk te vestig (RSA, 1993b:47) en kan die stelsel uitgebrei word om alle onderwyskolleges in die land in te sluit. (Vergelyk paragraaf 4.4.2.)
- \* Bogenoemde rekenaarnetwerk kan ook aangewend word om data-administrasie te vergemaklik deurdat data vanaf streeks- en selfs plaaslike vlak na nasionale vlak deurgestuur kan word.


Ander aspekte van administrasie waaraan aandag gegee behoort te word, is die volgende:

- \* Personeeladministrasie.
- \* Finansiële administrasie.
- \* Fisiese fasiliteite of gebouadministrasie.

'n Visuele voorstelling van hierdie fase word in figuur 6.4 gegee.

**FIGUUR 6.4**

**Beplanningsimplementeringsfase**



## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n scenario vir die plek en taak van onderwyskolleges in die toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aangebied.

Daar is eerstens beskryf wat met scenarioskepping bedoel word. Daarna is voorstelle aan die hand van die stappe in die drie fases van die strategiese beplanningsraamwerk gedoen.

Sommige aspekte, soos die daarstelling van 'n waardestelsel by die formulering van 'n visie, missie (vergelyk paragrawe 6.3.1 en 6.4.1) en doelstellings met spesifieke doelwitte wat daaruit voortvloei (vergelyk paragraaf 6.4.3), het 'n partikuliere karakter en moet plaaslik in samewerking met belanghebbendes uitgewerk word. Daarom is in dié verband nie direkte aanbevelings gemaak nie maar slegs riglyne gestel.

In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting van die hele ondersoek gegee word.

## HOOFSTUK 7

### SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

#### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal 'n volledige oorsig van die verloop van die hele ondersoek gegee word. Die navorsingsprobleem wat aanvanklik gestel is (vergeelyk paragraaf 1.2), sal as uitgangspunt geneem word. Vervolgens sal geïllustreer word hoe die doel wat met die navorsing gestel is, aan die hand van die vyf navorsingsdoelwitte waarin dit onderverdeel is, bereik is. Daarna sal enkele bondige aanbevelings, in verband met die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, gemaak word.

#### 7.2 NAVORSINGSVERLOOP

Die probleem wat ten grondslag van die onderhawige navorsing gelê het, kan kortliks soos volg in verband geplaas word:

Grondwetlike en staatkundige hervorming wat in enige land plaasvind, vind ook neerslag in die onderwysstelsel van daardie land. (Vergelyk paragraaf 1.2.) Onderwysvernuwingstrategieë wat noodwendig as gevolg van sodanige herskikkings aangebring word, moet uiteindelik deur die onderwyserskorps in werking gestel word. Dit stel op sy beurt weer besondere eise aan die opleiding van onderwysers, aangesien 'n korps van doeltreffend opgeleide en gemotiveerde onderwysers slegs deur relevante opleiding verseker kan word.

Onderwyskolleges is een groep instansies waar onderwysersopleiding verskaf word.

'n Verkenning van internasionale literatuur het aan die lig gebring dat daar selfs in onderwysstelsels van die mees ontwikkelde lande, nie paradigmatiese waarde aan 'n besondere plek van onderwyskolleges geheg word nie. (Vergelyk paragraaf 1.2.)

In Suid-Afrika word die probleem verder bemoeilik deurdat daar lank reeds 'n dispuut aangaande die beheer oor onderwyskolleges bestaan. (Vergelyk paragraaf 4.4 en 4.4.1.) Dat onderwyskolleges nie die volledige status van tersiêre instansies geniet of oor 'n eenvormige struktuur van onderrigprogramme beskik nie, word uit verskeie oorde erken (RGN, 1981b:29; RSA, 1991:20).

Daarbenewens word onderwyskolleges geraak deur rasionalisasiemaatreëls wat aan verskeie demografiese, ekonomiese en staatkundige omstandighede (vergeelyk paragrawe 4.5.1; 4.5.2 en 4.5.3) te wyte is.

Die navorsingsprobleem kan dus aan die hand van die volgende vraag geformuleer word:

- \* Wat is die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel?

'n Beplanningsraamwerk, aan die hand waarvan die plek en taak van onderwyskolleges in enkele ander lande, sowel as in Suid-Afrika vasgestel kon word, is uiteengesit. Verskeie strategiese beplanningsraamwerke is ondersoek ten einde 'n gepaste model te bekom aan die hand waarvan die plek en taak van onderwyskolleges in enkele buitelandse onderwysstelsels, sowel as dié in Suid-Afrika bestudeer kon word. Daar is onder andere vasgestel dat strategiese beplanning by uitstek geskik is om as bestuursinstrument gebruik te word, wanneer veranderinge in die interne en eksterne bestuursomgewings spoedige en proaktiewe koersaanpassings vereis. (Vergelyk paragraaf 2.2.3.)

Voorts is die komponente van onderwysstelsels ontleed en beskryf ten einde aan te dui dat die besondere strategiese beplanningsraamwerk

aangewend kan word om die plek en taak van onderwyskolleges in onderwysstelsels vas te stel.

- \* Hiermee is die eerste navorsingsdoelwit bereik.

Die volgende faset van die ondersoek het 'n vergelykende studie van die onderwysstelsels van vyf lande behels, ten einde die plek en taak van onderwyskolleges aldaar vas te stel. 'n Literatuurstudie is onderneem om só 'n internasionale perspektief op die probleem te bekom. Daar is bevind dat die plek en taak van instansies wat vergelykbaar is met Suid-Afrikaanse onderwyskolleges in die betrokke lande, met verloop van tyd verander het. (Vergelyk paragrawe 3.4.2.1; 3.5.2; 3.6.4; 3.7.1 en 3.8.2.) Bepaalde maatstawwe het aan die lig gebring dat universeel geldige strategieë vir onderwysersopleiding neergepen kon word. (Vergelyk paragraaf 3.9.)

- \* Op hierdie wyse is die tweede navorsingsdoelwit bereik.

Ten einde die plek en taak van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel aan te dui, was dit nodig om vervolgens die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, as sodanig, te ontleed en te beskryf. (Vergelyk paragraaf 4.2.1.) Daarna is die historiese ontstaan van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse konteks nagevors. (Vergelyk paragraaf 4.3.) Daar is oorgegaan tot die vasstelling van die huidige stand van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. (Vergelyk paragraaf 4.4.) Dit is gedoen aan die hand van bepaalde komponente van onderwysstelsels wat vroeër vasgestel is, naamlik onderwysstelselbeleid ten opsigte van onderwyskolleges (vergelik paragraaf 4.4.1), onderwysstelseladministrasie (vergelik paragraaf 4.4.2), onderwyskundige struktuur van onderwyskolleges (vergelik paragraaf 4.4.3) en ondersteuningsdienste aan onderwyskolleges. (Vergelyk paragraaf 4.4.4.)

- \* Só is ook uitvoering aan die derde navorsingsdoelwit gegee.

Vervolgens is aandag gegee aan die empiriese ondersoek waardeur die menings van belanghebbendes en kundiges op die terrein van

onderwysersopleiding in Suid-Afrika, en meer spesifiek die plek en taak van onderwyskolleges ingewin kon word. Die vraelys, wat in die empiriese ondersoek gebruik is, is aan die hand van die strategiese beplanningsraamwerk waarop vroeër besluit is, opgestel. Die ingesamelde data is deur middel van statistiese tegnieke ontleed, sodat algemene en belangwekkende neigings in die menings van respondente aangetoon kon word.

- \* Hiermee is dus ook aan die vereistes wat met die vierde navorsingsdoelwit gestel is, voldoen.

Die ondersoek is afgesluit met 'n scenario waardeur die plek en taak van die onderwyskollege in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel voorgestel word. Die strategiese beplanningsproses is ook in die geval van scenarioskepping as raamwerk aangewend. Eerstens is uitgespel wat met scenarioskepping bedoel word. (Vergelyk paragraaf 6.2.) Daarna is aanbevelings in verband met die vele fasette van die toekomstige plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gestruktureer. Dit is in die vorm van só 'n strategiese beplanningsraamwerk aangebied.

- \* Die vyfde navorsingsdoelwit is daarmee ook suksesvol afgehandel.

### **7.3 AANBEVELINGS**

Omvangryke aanbevelings in verband met die plek en taak van die onderwyskollege in 'n toekomstige Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is met die scenarioskepping aan die hand gedoen. (Vergelyk hoofstuk 6.) In die loop van die studie, het egter sekere verwante aspekte na vore gekom, waarvan intensiewe ondersoek nie binne die terrein van die onderhawige navorsing geval het nie. Sodanige temas, wat deur middel van verdere navorsing in die toekoms indringend ondersoek kan word, is die volgende:

- \* Indringende ondersoek moet na die vestigting van 'n Nasionale valideringsraad vir onderwysersopleiding gedoen word, sodat

deurstroming tussen verskeie instansies vir onderwysersopleiding moontlik kan wees. Die oorskakeling van onderwyskandidate vanaf een bepaalde tersiêre instansie waar kwalifikasies tot op 'n sekere vlak verwerf is na 'n ander, sal dan gekoördineerd kan plaasvind. Die tekort aan toereikend gekwalifiseerde onderwysers, veral ten opsigte van sekere tegniese studierigtings, kan daardeur opgelos word en beroepsonderwys verder uitgebou word.

- \* Onderzoek moet na die onderwyskundige struktuur van onderwyskolleges gedoen word, ten einde onder andere nuwe kurrikula, wat spesifiek by nuwe (veranderde) Suid-Afrikaanse omstandighede aanpas, daar te stel.
- \* 'n Eie 'fokus' vir onderwyskolleges moet binne die kader van tersiêre onderwys gevestig word sodat dié instansies, ten opsigte van onderwysstelselbeleid en -administrasie van die skole losgemaak kan word. Die sogenaamde KS-sektor word dus onderverdeel in afsonderlike kollege - en skolesektore.
- \* 'n Struktuur en beleid vir onderwysersopleiding moet spesifiek in elke staatkundige streek daargestel word. Die strategiese beplanningsraamwerk wat met hierdie ondersoek voorgestel is, kan op die mesovlak aangewend word.
- \* Befondsing van onderwyskolleges moet indringend ondersoek word.

#### 7.4 SLOT

Dit is al gesê dat onderwyskolleges 'n bedreigde spesie geword het (Le Roux, 1993:1). Só 'n siening kan toegeskryf word aan die feit dat onderwyskolleges relatief duur is om te onderhou (vergelyk paragraaf 6.3.3.1 - ekonomie) en dat daar in verafgeleë plattelandse gebiede klein onderwyskolleges is, wat die stelsel oënskynlik nie veel sou beïnvloed

indien dit gesluit word nie. (Vergelyk paragraaf 6.3.2 en 6.3.3.1 - demografie.)

In 'n nuwe (toekomstige) Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het onderwyskolleges egter 'n baie belangrike rol om te vervul, somtyds juis vanweë die ligging daarvan. Enersyds kan onderwyskolleges in verafgeleë plattelandse gebiede as sentrums vir bevordering van gemeenskapsonderwys dien; andersyds kan onderwyskolleges in groot sentra, in samewerking met universiteite, onderwysersopleiding van hoë akademiese en professionele standaard aanbied. In só 'n bedeling moet selfs onderwyskandidate met universiteitstoelating daar kan inskryf, en 'n kwalifikasie behaal wat mettertyd met 'n universiteitsgraad vergelyk kan word. (Vergelyk paragraaf 6.4.4.)

Die beskawingspeil van enige land se inwoners staan in 'n direk-eweredige verhouding tot die standaard van onderwysersopleiding wat in daardie land gehandhaaf word. (Vergelyk paragraaf 1.1.)

In die nuwe veranderde Suid-Afrikaanse omstandighede word ook "nuwe" onderwysers benodig. Nie slegs onderwysers wat kan aanpas by sodanige nuwe landsomstandighede nie, maar onderwysers wat self in die klaskamer, vernuwung en aanpassing by nuwe landsomstandighede kan inisieer.

Die plek en taak wat in hierdie ondersoek aan onderwyskolleges in die nuwe Suid-Afrikaanse onderwysstelsel voorgestel word, kan meehelp om 'n gemeenskap in die algemeen, maar onderwysers in die besonder daar te stel, wat oor die kennis, vaardighede en gesindhede beskik om die kinders (en volwassenes) wat aan hulle toevertrou word se talente ten volle te laat ontplooi.